Volledige kuddekonsultasie dienste gefokus op diere-aantekening, prestasietoetsing, genetiese evaluasie, seleksie, teling en verwante bestuur.

Geskiedenis

Leslie Bergh, 'n bekende veekundige wat spesialiseer in vleisbees-aantekening en -teling, het sy konsultasie-besigheid, Bull's Eye Consulting begin in September 2013. Hy word bygestaan deur Naomi Havenga, wat verantwoordelik is vir die data buro dienste en administratiewe take.

Missie

Om die veebedryf te voorsien met professionele konsultasiedienste vir diere-aantekening en genetiese verbetering.

Kernwaardes

- Passie
- Integriteit
- Toewyding
- Betroubaarheid
- Presisie

Dienste

- Omvattende kuddekonsultasie gefokus op diere-aantekening, prestasietoetsing, genetiese evaluasie, seleksie, teling en bestuur:
    - Implementering van 'n toepaslike, effektiewe en praktiese identifikasie-stelsel vir diere.

- Implementering van ’n kudde-aantekening stelsel in terme van basiese diere-rekords, reproduksierekords, produksierekords (gewigte, ens.), teelwaardes, visuele evaluering (punting), ens..
- Die opstel van ’n besigheidsplan vir die vleisbeeskudde rakende:
  - Optimale kuddegrootte en -samestelling;
  - Raskeuse;
  - Teelstelsel (bv.. stoetteling, suiwerteling of kruisteling stelsel en -tipe);
  - Produksiestelsel (bv.. speenkalwers, "back grounding", weidingafronding, voerkraalafronding, teeldiere);
  - Bemarkingstelsel (bv.. uit-die-hand verkope, slagdier veilings, produksieveilings, ander veilings, kontrak verkope, internet-gebaseerde veilings); en
  - Bemarking en advertensies.
- Advies en hulp met infrastruktuur beplanning (bv.. skale, drukgange; krale, kampe, ens.).
- Die opstel en gereelde monitering, ontleding en evaluering van reproduksie-doelwitte (bv.. dragtigheidspersentasie en kalfpersentasie), produksie-doelwitte (bv.. kg/GVE en kg/ha) en finansiële doelwitte (bv.. R/GVE en R/ha).
- Die opstel van teling strategieë, teeldoelwitte en teelplanne en gereelde ontleding en evaluering in die lig van die genetiese verbetering in die kudde, nuwe tegnologiese ontwikkelings, veranderinge in die mark, ens..
- Implementering van teelseisoene en ’n bestuurstrategie vir optimale konsepsie, kalf oorlewing en voorspeense groei van kalwers.
- Die opstel, monitering, ontleding en evaluering van prestasietoetsing en bestuurspraktyke om die doeltreffendheid van die produksie-aantekening en die akkuraatheid van teelwaardes te optimaliseer.
- Visuele evaluering (linière punting en/of klassifikasie) van speenkalwers, jong verse en bulle, teelbulle en -koeie.
- Seleksie van teeldiere (bulle , verse en koeie) deur die geïntegreerde gebruik van alle beskikbare inligting (teelwaardes, prestasiedata, visuele evaluering, stambome, inteling, ens.).
- Bepaling van die beste parings - met inagneming van die teeldoelwitte - deur die geïntegreerde gebruik van teelwaardes, stamboom inligting (inteling te verminder) en ander faktore met behulp van die BenguFarm™ GENETICS sagteware.
- Verkryging van kundiges in ander gebiede (bv.. voedingkundiges, weidingskundiges, veeartse) vir spesialis advies soos en wanneer vereis as deel van ’n omvattende konsultasiediens.

- BenguFarm™ sagteware dienste (modules vir vleisbeeste (BEEF), wild (GAME), skape & bokke (SHEEP & GOATS), varke (PIGS) en genetika en teling (GENETICS):
  - Projekleier vir die sagteware ontwikkeling, bemarking en kommunikasie met kliënte;
  - Sagteware installasie, opleiding (kursusse en individueel), advies en ondersteuning;

- Data-aantekening burodiens vir stoettelers en kommersiële boere met behulp van BenguFarm sagteware:
  - Data inname van diere data (bv.. parings, geboortes, gewigte, verkope);
  - Instuur van data na die toepaslike diensverskaffer (bv.. SA Stamboek);
  - Hantering van navrae en kudde-administrasie, insluitend aanmanings aan die eienaar van aantekeningstake wat gedoen moet word;
  - Die verskaffing van aantekeninglyste aan die eienaar (bv.. vir die aantekening van dragtigheidstoetse en gewigte) en verslae (bv.. kuddelyste, prestasietoets resultate, teelkudde seleksie);
  - Algemene advies en ondersteuning ten opsigte van aantekening praktyke.

- Boere opleidingsienste ten opsigte van:
  - Diere-aantekening;
  - Prestasietoetsing / produksie-aantekening praktyke;
  - Interpretasie en praktiese gebruik van teelwaardes;
  - Seleksie en teling; en
  - Bestuurspraktyke wat verband hou met bogenoemde (bv.. teelseisoene).

- Aanbied van lesings en praktiese demonstrasies by boeredae, vergaderings, werkswinkels en simposiums.

- Skryf artikels vir nuusbriewe, joernale en tydskrifte.

Leslie Bergh

- Geregistreer as 'n professionele veekundige by die Suid-Afrikaanse Raad vir Natuur- en Skeikunde Professies (Reg no 400001/08).
- Lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veekunde (lid no 112950).
- 32 jaar se ondervinding in diere-aantekening, prestasietoetsing, genetiese evaluasie, seleksie, teling en verwante bestuur aspekte van vleisbeeste.
- In-diepte kennis van SA Stamboek en die LNR se diere-aantekening stelsels, nl. Logix en Intergis.

Kontak Ons

Leslie Bergh Pr.Sci.Nat. (Animal Science)
Bull's Eye Consulting
Brittany Place 5, Moreletapark, Pretoria
Sel: +27 82 801 2026
E-pos: leslie.bergh@vodamail.co.za
Faks: +27 86 243 8119
Webwerf: www.bullseyeconsulting.co.za
Skype: lesliebergh